

HOOFSTUK 10.Samevattende gevolgtrekkings.

1. Die skrywer is bewus van die feit dat met hierdie ondersoek dié probleem nog geensins uitgeput is nie.
2. Hoewel die skrywer hiervan 'n baie groot aantal bronne geraadpleeg het, het hy op enkele kleinere artikels na geen enkele prinsipiële afwysing van hierdie Sosiale Studies gevind nie.
3. Op prinsipiële gronde moet die onderwys van die Sosiale Studies in sy geheel verwerp word omdat dit die Humanistiese lewens- en wêreld-beskouing tot slagaar van sy opvoedingsbeskouing het. Die Sosiale Studies is opvoedkundig onwetenskaplik.
4. Die waarheidsmoment in die Sosiale Studies word nie prysgegee nie. Die waarheidsmoment is dat Amerika en Engeland met hulle Opvoedkundige Sosiologie, wat aan die Sosiale Studies ten grondslag lê, ingesien het dat die menslike samelewing verander en in 'n voortdurende proses van verandering is en dat hulle tot taak het om die kind toe te rus vir 'n plek binne hierdie geheel van die menslike samelewing waarin hy geplaas moet word.
5. Die Opvoedkundige Sosiologie wat by alle opleiding van onderwysers gedoseer moet word, verg 'n deeglike studie van sowel die Sosiologie as die Opvoedkunde om die gesonde standpunt te kan handhaaf.
6. Die Opvoedkundige Sosiologie moet aan ons Suid-Afrikaanse hoër onderwysinrigtings deur die Opvoedkundige Sosioloog gedoseer word.

7. Die instelling van 'n Nasionale Onderwys-Adviesraad in Suid-Afrika is noodsaaklik.
8. Die volgende onderwerpe vereis in Suid-Afrika verdere studie:

- (a) 'n Nadere bestudering van die werklike posisie van die Opvoedkundige Sosiologie in die praktiese voorbereiding van die onderwyser;
- (b) 'n nadere studie van die Geskiedenis, die Aardrykskunde en die Natuurkennis vir laerskole, met spesiale aandag aan die sosiale aspek van elke vak;
- (c) 'n bestudering van die werklike waarde van die afsonderlike en selfstandige vakke, t.w. Geskiedenis, Aardrykskunde en Natuurkennis vir die gebalanseerde ontwikkeling en vorming met die oog op elke vak se bydrae tot die persoonsroeping.

- - - - -